3 Februarie 2010

OUEROMSENDBRIEF 4/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

'n Manier om te dink oor skool

My kind in Graad 1 of 6 groei en ontwikkel voortdurend.

In die proses het pa en ma gesamentlik en afsonderlik 'n rol te speel om met die opvoeding van die kind te help. Die opvoedingsproses in ontwikkeling en groei fokus op die onderrig en leer waarmee die kind ontwikkel word sodat hy/sy eendag as volwassene in 'n werk effektief kan wees. Emosionele ontwikkeling en waardes is in die proses baie belangrik en ook fokusareas vir ouers.

Skole fokus op sillabi van wat kinders nodig het om te kan lees, skryf en reken of wat hul ook al moet kan doen. Voorts bied skole sport en kultuur om ontwikkelings – en groei – geleenthede te skep.

Ouers en kinders het tydens die proses ook goed wat hul wil hê. Skole daarenteen ook 'n wil hê-lysie wat met tyd wissel. Een aspek wat skole altyd wil hê is lojaliteit en ondersteuning. Lojaliteit en ondersteuning wat ouers aan 'n skool bied, beteken om die skool in staat te stel om nog meer vir hul kinders te doen, om die wil hê's te ontmoet. Skole bied allerlei projekte aan in die hoop dat ouers hul ondersteuning gee. Een so 'n projek is Juanita du Plessis wat vier jaar gelede met haar begin onderhandel is. Dit het nou werklikheid geword.

Ons saam behoort Afrikaanse, presterende skole te beskerm ter wille van moedertaal-onderwys vir ons omgewing se kinders.

'n Gemeenskap wat nie 'n eie skool het nie, is arm. Om die armoede te voorkom, kom ons vat hande.

2. LIEF EN LEED

Ons innige empatie met die volgende leerders met die afsterwe van:

Nico Weber (Gr. 3/2) – Ouma.
Pieter Smit (Gr. 3/2) is in die hospitaal. Ons wens hom 'n spoedige herstel toe.

3. SENIOR KOOR
NB. VERANDERING VAN DATUM:

Die Autumn Concert saam met Jakaranda kinderkoor is nou MAANDAG 17 MEI 2010.

Alle nuwe koorlede moet voor Vrydag 5 Februarie 'n hempie kom pas en bestel. Die bedrag van R60.00 moet saam met die bestelling gegee word asseblief.

Die hempie is presies dieselfde, so dit is nie nodig vir "ou" koorlede om te bestel nie. Indien julle uit die ou hemp gegroei het, of as dit verbleik het, is julle welkom om ook 'n hempie te bestel.

STIPTELIKHEID: Ons oefen van 16:00 tot 17:30. Ouers moet asseblief betyds wees. Verskeie ouers moes na verlede week se oefening geskakel word om hulle kinders te kom haal. Koorlede sal elkeen 'n brief ontvang met reëlings vir ons oefen en pretdag op Saterdag 27 Februarie 2010. Alle graad 4-7 leerders word uitgenooi om te kom vir 'n stemtoets. Reël met juffrou Mandi.

<u>Datums wat reeds beskikbaar is</u>:

Saterdag	**-**	**27 Februarie**	**-**	**Oefen en pretdag.**
Donderdag	**-**	**22 April**	**-**	**Notepret aand.**
Woensdag	**-**	**17 Mei**	**-**	**Autumn Concert saam met Jakaranda Kinderkoor.**
Woensdag	**-**	**2 Junie**	**-**	**Kultuuraand by ons skool.**

4. JUANITA DU PLESSIS - 12 FEBRUARIE 2010

KAARTJIES : LAERSKOOL BAKENKOP (KANTOOR)

: SOGGENS VAN 07:00 TOT 15:00

BETAAL OOK PER INTERNET AAN SKOOL EN KOM HAAL LATER AF.

KOOP NOU !! !!

Die wins van Juanita du Plessis se opvoering wil deur die Beheerliggaam aangewend word om 'n onderwyser vir Graad 4 aan te stel. Tans is die ondersteuning en wins te min hiervoor.

5. ATLETIEK

Oor elke individuele dag sal atlete skriftelik ingelig word.

4 Februarie (Donderdag)	**-**	**Tuisbyeenkoms**
8 Februarie (Maandag)	**-**	**Die volgende items van Dinsdag 9 Februarie se byeenkoms vind reeds Maandag 8 Februarie op <u>L/S LOUIS LEIPOLDT</u> se velde plaas: Spiesgooi, Diskus, Hekkies. Sien skrywe aan atlete.**
9 Februarie (Dinsdag)	**-**	**L/S Doringkloof (weg)**
12 en 13 Februarie	**-**	**Cluster-atletiek te Hoërskool Eldoraigne.**
19 Februarie	**-**	**Atletiek : Distrikbyeenkoms Pilditch Stadion**
26 en 27 Februarie	**-**	**Atletiek : GISSA TBC : Gauteng Skole.**

6. KRIEKET AKADEMIE BY LAERSKOOL BAKENKOP

Ouers neem asb. weer kennis van die advertensie in hierdie omsendbrief rakende die krieket akademie. Die telefoonnommer op die vorige advertensie was foutief.

7. SA JUNIOR TOUTREK

Laerskool Bakenkop hoop om in samewerking met SA Junior Toutrek 'n toutrek span of spanne te begin by Laerskool Bakenkop onder leiding van mnr. Wessel van Deventer.

Toutrek word in spanne van 8 neem deel in die 280kg, 320kg, 360kg en 400kg as totale massa van die span. Met ander woorde enige persoon, seun of dogter, enige massa, ouderdom, gewig kan dus deelneem aan hierdie sportsoort.

Indien u kind hierin sou belangstel moet hulle asb. op Woensdag 10 Februarie 2010 om 14:00 op die pawiljoen wees.

Vir enige navrae skakel mnr Wessel van Deventer by 084 2085344.

8. VEILIGHEID VAN KINDERS/ONTVOERING VAN LEERDERS

Verskeie mondelingse/skriftelike mededelings en e-posse aan my oor ontvoering van leerders voor die sokker wêreldbekerreeks in Junie 2010, het betrekking.

Die inligting, soos baie ander onderwerpe en sake wat betrekking het op die skool en veral leerders, word ook opgevolg. In opvolging met die persoon wat alle ontvoerings, in RSA vir SAP, se ondersoeke koördineer blyk dit dat ontvoering nie tans toeneem nie. In deeglike nalees merk mens ook dat kinders deur ouers/oppassers/voogde alleen gelaat word in winkelsentrums en ander plekke. Kinders wat agterkom hul is alleen, en nie weet waar is hul ouers/voogde of oppassers nie, sal begin rondsoek en heelwaarskynlik verdwaal, by vreemdes beland, aangegee word as ontvoer.

Ouers maak asseblief seker dat jul kinders voortdurend onder toesig is: Ons probeer ons bes om dit 100% reg te kry. Van ons kant: Sterkte met u gewigtige ouerskap.

Vriendelike groete

_____

J.W.C. SCHEEPERS
HOOF